# TERUGVOERVORM VIR KONSULTASIEPROSES OOR KERKHERENIGING

| | |
|---|---|
| **Naam van gemeente:** Gonubie | **Sinode:** ***NG Kerk in Oos-Kaapland*** |

**Belangrik**

**1.** Hierdie vorm word gebruik vir die terugvoering van groepgesprekke in die gemeente. 'n Kopie van die vorm word ook gebruik vir die opsomming van die gemeente se insette en kommentaar.

**2.** Baie belangrik: By die gemeente se opsommende vorm moet alle "rou data", maw die skriftelike terugvoering wat gekry is van al die gesprekke in die gemeente, aangeheg word.

**3.** Die gemeente se opsomming met die aangehegte rou data moet nie later as 31 Oktober 2007 by die sinodale kantoor wees nie. **Stuur dit aan**: Skriba SK, NGK Oos-Kaapland, Posbus 34842, NEWTONPARK PE, 6055.

4. Volledige bronne oor kerkhereniging is beskikbaar by www.ngkok.co.za/eenheid. Dit sluit ***hierdie terugvoervorm*** en die meegaande boekie, ***Konsultasie oor Kerkhereniging***, in.

## A. Die gesprekke self

1. Hoe wyd is in die gemeente gesprek gevoer en kommentaar gevra oor die vier voorstelle
   *[Merk al die blokkies wat van toepassing is]*
   - ☐ Kerkraad
   - ☐ Wyke
   - ☐ Kleingroepe
   - ☒ Lidmate: byeenkoms
   - ☐ Lidmate: individueel
   - ☐ Ander: ......................................................................................................................

2. Is met die oog op die gesprekke sowel die Belharbelydenis as Begeleidende Brief aan lidmate beskikbaar gestel om te lees?
   - ☒ Ja
   - ☐ Nee

## B. Gesprekke oor die Konfessionele Basis

Wat is die kommentaar en terugvoering wat die gemeente gegee het oor die Konfessionele Basis van 'n nuwe kerkverband?
Mening oor die voorstel?

DIE ONTSTAANSKONTEKS VAN BELHAR (KAIROS DOKUMENT ENS.) BLYK STEEDS 'N VRAAG TE WEES AS SOU DIT POLITIES MOTIVEER WEES. SOU BELHAR DAN DIE PROFETIESE STEM VAN DIE KERK WEES RONDOM GEREGTIGHEID, OOK IN POLITIEKE KONTEKS, WORD DIE VRAAG GEVRA NA DIE "STILTE" VAN HUIDIGE KERKLEIERS (IN VERAL DIE VGK) OOR ONREGMATIGE BEVOORDELING VAN MENSE OP GROND VAN RAS IN DIE LAND. SOU DIE BELHAR BELYDENIS NIE MAAR EERDER 'N GOED GEFUNDEERDE ETIESE UITSPRAAK WEES IN DIE LIG VAN DIE BOGENOEMDE EN DAAROM VOLSTAAN ONS EERDER BY DIE GENOEGSAAMHEID VAN DIE HUIDIGE BELYDENISSKRIFTE.

Nuwe/ ander voorstelle?

| C. Die Model |
| --- |

Wat is die insette uit die gemeente oor die voorgestelde model?

Mening oor die voorstel?

DIE MODEL SOOS HY DAAR UITSIEN IS AANVAARBAAR

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

Nuwe/ ander voorstelle?

| |
|---|
| |

**D. Gesamentlike projekte**

Watter bydraes is daar in die gemeentegesprekke gelewer oor die voorstelle vir gesamentlike projekte?

Mening oor die voorstel?

DIE KONTEKS VAN ELKE GEMEENTE BEPAAL DIE SAMEWERKING. MOEITE KAN GEMAAK WORD OM MEKAAR JUIS VIR 'N BEGIN OP MEER SOSIALE SITUASIES TE ONDERSTEUN EN TE LEER KEN SOOS BASAAR ENS.

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

Nuwe/ ander voorstelle?

**E. Versoeningsprosesse**

Die voorstelle oor versoening handel veral oor die konflikte in gemeentes van die NGKA en die VGKSA. Dit raak egter ook die NG Kerk:

Mening oor die voorstel?

NIE VAN TOEPASSING IN ONS KONTEKS NIE.

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

Nuwe/ ander voorstelle?

**F. Moontlike naam van 'n nuwe kerkverband**

Indien daar in die gesprekke spesifieke menings of voorstelle ten opsigte van 'n naam vir die nuwe kerkverband na vore gekom het, gee dit asseblief hieronder weer:

VERENIGDE N G KERK V SUID-AFRIKA

DIE GEHOORSAAMHEID AAN DIE WOORD MOET DIE VERTREKPUNT BLY. AS DAAR MET 'N OPREGTE HART GEWERK WORD SAL DIE KONINKRYK VAN GOD KOM. WAAR CHRISTUS DEUR SY GEES WERK IS ONS SAAM EEN.

**Indien daar inligting is wat nie in die gegewe blokkie kon inpas nie, of ander sake wat u sou wou noem, kan u dit aan hierdie vorm heg.**

Baie dankie vir u deelname en aandeel!!

**Stuur hierdie vorm voor 31 Oktober 2007 aan**: Skriba SK, NGK Oos-Kaapland, Posbus 34842, NEWTONPARK PE, 6055